# Belastingbetalers hou belangrike vergadering

**RUSTENBURG - Na maande van relatiewe "kalmte" op belastingbetalersfront het Rustenburg se Belastingbetalervereniging pas weer die skouer aan die wiel gesit en begin voorberei vir 'n druk program aanstaande jaar. Twee splinternuwe webtuistes in onderskeidelik Engels en Afrikaans is deur mnr Johan de Klerk van Rustenburg, 'n sagtewarespesialis, ontwerp en geregistreer vir gebruik deur die Belasting-betalersvereniging en sy lede.**

Die adresse van die webtuistes is onderskeidelik www.rbbv.co.za en www.rrpa.co.za. Mense wat meen dat hul probleme met dienslewering ondervind, is welkom om op die webtuistes te registreer en min of meer besonderhede van hul probleme te gee.

Volgens mnr De Klerk is daar sedert registrasie van die webtuistes al meer as 200 besoeke ontvang. Goeie nuus vir belastingbetalers wat bekommerd is oor dienste asook ander sake van gemeenskaplike belang, is dat die Belastingbetalersvereniging ernstig is oor sy bedrywighede vir die nuwe jaar.

**D Dag**

Eerskomende Maandag, 18 Januarie, is D Dag wanneer die eerste van hopelik baie vergaderings van die Rustenburgse Belastingbetalersvereniging plaasvind.

Die vergadering sal in die Ou Rustenburgse Stadsaal in Fatima Bhayatrylaan (voormalige Pleinstraat) plaasvind en uitgelese gaste sal die geleentheid bywoon.

Die vergadering op Maandag, 18 Januarie, sal deur mnr Johan Schoeman, huidige voorsitter van dié vereniging gelei word. Nog twee baie belangrike persone wat tydens dié vergadering om die tafel sal wees, is mnr Jaap Keulder - voorsitter van die Nasionale Belastingbetalersunie en mev Carin Visser - voorsitter van die Sannieshof Belasting-betalersvereniging. Beide sal by die geleentheid as sprekers optree.

Mnr Schoeman het Rustenburgers genooi om in hul gemeenskap betrokke te raak en standpunt in te neem oor sake wat belastingbetalers en hul gemeenskappe raak. Hy het Rustenburgers aangemoedig om die vergadering om stiptelik 18:00 by te woon.

Die Herout onderneem om ons lesers op hoogte van sake te hou.



**Mnr Johan Schoeman - voorsitter van die Rustenburgse Belastingbetalersvereniging (links) en mnr Johan de Klerk - 'n plaaslike sagtewarespesialis wat onlangs twee webtuistes in onderskeidelik Engels en Afrikaans vir gebruik deur die Belastingbetalersvereniging ontwerp en geregistreer het. Meer as 200 besoeke is tot dusver op dié webtuistes ontvang. Die Belastingbetalersvereniging skop eerskomende Maandag, 18 Januarie, op 'n hoë noot af met dié organisasie se eerste vergadering van die nuwe jaar. Die vergadering sal om 18:00 in die Ou Rustenburgse Stadsaal plaasvind.**

# Wildlife rehabilitation volunteer course



**RUSTENBURG - The We Care Wildlife Rehabilitation Centre is offering a five day course to volunteers interested in assisting the centre with the rehabilitation of wild birds and small mammals.**

Apart from striving to train volunteers for the future expanding of the centre, the fees will supplement the centre's financial needs, since no regular sponsors are involved.

Interested persons can contact Christa on 079 712 2613 for further information.

**A wildlife rehabilitation volunteer course will be presented by the We Care Wildlife Rehabilitation Centre.**

News Watch

# International news

**ANGOLA** - The Confederation of African Football officially "disqualified" and plans to punish the Togo national football team for failing to take part in the 2010 Africa Cup of Nations, despite the fatal machine gun attack on their team bus.

CAN2010 ANGOLA

**EGYPT** - Tombs discovered near the great pyramids reinforce the theory that they were built by free workers rather than slaves.

**UNITED KINGDOM** - A Muslim group, Al-Muhajiroun, also known as Islam4UK, that recently caused outrage by proposing a demonstration in the town that receives the bodies of British war dead killed abroad, will be banned.

**BELGIUM** - Wolfgang Wodarg, the Council of Europe's head of health affairs, claims that the 2009 flu pandemic was a "false pandemic" orchestrated by the pharmaceutical industry to sell vaccines.

**IRAN** - State media have accused Israel and the US of being involved in a bomb attack, which killed an Iranian physicist in Tehran.

**MALAYSIA** - At least five Christian churches have been attacked in Malaysia.

**CHINA** - The country overtook Germany to become the world's largest exporter.

**CHINA** - The Academy of Social Sciences reports that more than 24 million Chinese men of marrying age will be without spouses by the end of the decade, citing an uneven birth rate.

**CHINA** - At least 30 people were injured after bottles of acid were thrown from a building into in a busy street in Hong Kong.

**AUSTRALIA** - An Indian man was set on fire in Melbourne in the latest in a series of attacks on Indian nationals in the country.

**UNITED STATES** - A magnitude 6.5 earthquake struck offshore near Eureka, California, with reports of damage and local power outages.

Moenie toelaat dat 'n gehoorverlies jou lewenskwaliteit affekteer!



Advantage Hearing Aids
Kontak
0861 102 207
Ons werk met al die mediese fondse

Butcher Boys NEW
NEW IN RUSTENBURG FOR OPENING SPECIALS ON GAME, BILTONG, ALL DELI PRODUCTS AND HAMPERS.
COME AND VISIT US
BEYERS NAUDÉ STREET
(NEAR TEXAS PUB, NEXT TO MODERN CARPETS)
OR CONTACT US
079 547 4274
076 041 8369

KONTANT NODIG
"STOLS MOTORS" LEEN VIR JOU GELD OP
JOU VOERTUIG / KARAVAAN ENS.
(WERK SOOS 'N PAND)
TOT R150 000 PER KLIëNT (15% OPBRENGS)
BRING SAAM: ID/VOERTUIG PAPIERE/ + VOERTUIG
(15 MIN OM TRANSAKSIE TE VOLTOOI)
205 Bethlehem Drive, Rustenburg, 014 592 9828, 083 456 3986.